# MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# AFRIKAANS HUISTAAL

## TWEEDE VRAESTEL
## SEPTEMBER 2009

**TYD: 2 ½ UUR**

**PUNTE: 80**

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit **AFDELING A, AFDELING B** en **AFDELING C.**
2. Die Inhoudsopgawe en Kontrolelys op bladsy 3 en 4 van die vraestel sal jou help om jou keuses van vrae vinnig en korrek uit te oefen.
3. Lees die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig deur.
4. Uit Afdeling A moet **TWEE** van die vier vrae beantwoord word: Afdeling A bestaan uit vier gesiene gedigte waarvan leerders òf **TWEE** uit die drie kontekstuele vrae moet beantwoord, òf die opsteltipe vraag.
5. Beantwoord ook Vraag 5 óf Vraag 6 oor die ongesiene gedig. Beantwoording van 'n vraag oor die ongesiene gedig is **VERPLIGEND.**
6. Uit Afdeling B moet **EEN** vraag beantwoord word: òf die kontekstuele vrae (Vraag 7), òf die opsteltipe vraag (Vraag 8).
7. Uit Afdeling C moet **EEN** vraag beantwoord word: as Vraag 7 in Afdeling B beantwoord is, **MOET** Vraag 10 in Afdeling C beantwoord word, **EN** as Vraag 8 uit Afdeling B beantwoord is, **MOET** Vraag 9 uit Afdeling C beantwoord word.
8. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
9. Laat 'n reël oop na elke antwoord by die kontekstuele vrae.
10. Skryf netjies en leesbaar.
11. Nommer die antwoorde volgens die vrae se nommers.
12. Trek 'n streep na elke vraag.
13. Gee veral aandag aan spelling en sinsbou.

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy stel jou instaat om die vrae te kies wat jy wil beantwoord, sonder om die hele vraestel eers deur te lees. Jou tyd word bespaar en besluite word vergemaklik.

| VRAAG | VRAAGFORMAAT | PUNTE |
|---|---|---|
| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte -**<br>**Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | |
| 1. " Herinneringe" - Koos du Plessis | Kontekstueel | 10 |
| **OF** | | |
| 2. "Onderwyser" - Antjie Krog | Kontekstueel | 10 |
| **OF** | | |
| 3. " By die eeuwending" - Louis Esterhuizen | Kontekstueel | 10 |
| **OF** | | |
| 4. "Man met flits" - D. J. Opperman | Opstel | 10 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Beantwoord ENIGE EEN vraag.** | | |
| 5. "Gedagtes van die nie-arbeider" - Louis Esterhuizen<br>**OF** | Kontekstueel | 10 |
| 6. "Met 'n bossie blomme" - Breyten Breytenbach | Opstel | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.** | | |
| 7. "Manaka - Plek van die horings", Pieter Pieterse | Kontekstueel | 25 |
| **OF** | | |
| 8. "Manaka - Plek van die horings", Pieter Pieterse | Opstel | 25 |
| **OF** | | |
| 9. "Die kwart-voor-sewe-lelie", Eleanor Baker | Kontekstueel | 25 |

| | | |
|---|---|---|
| **OF** | | |
| 10. "Die kwart-voor-sewe-lelie", Eleanor Baker | Opstel | 25 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.** | | |
| 11. "Trits: Mis" - Reza de Wet | Kontekstueel | 25 |
| **OF** | | |
| 12. "Trits: Mis" - Reza de Wet | Opstel | 25 |

**KONTROLELYS**

Hierdie lysie word voorsien om jou te help om seker te maak dat jy die verwagte aantal vrae beantwoord het. Merk die regterkolom om te verseker dat jy die vereiste aantal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | AANTAL VRAE OM TE BEANTWOORD | REGMERK |
|---|---|---|---|
| A. Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1 tot 4 | twee | |
| A. Gedigte<br>(Ongesiene gedigte) | 5 en 6 | een | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 7 tot 10 | een | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 11 en 12 | een | |

**NOTA: In Afdeling B en C moet EEN OPSTEL-tipe en EEN KONTEKS -tipe VRAAG beantwoord word.**

# Afdeling A - Digkuns

## Vraag 1 - Kontekstuele vrae

### Herinneringe - Koos du Plessis

Jou beeld is 'n verflenterde foto
In 'n skewe, versplinterde raam
En 'n sestal geskommelde letters
Spel jou tweelettergrepige naam.

Jou woorde is dor manuskripte
vir die motte bewaar op die rak
en ons dae 'n kralesnoer syfers
op 'n outydse muuralmanak.

Jou oë was die kleur van die aarde,
van saffier, van smarag of agaat,
en jou stem 'n ontwykende deuntjie
gevange in 'n stukkende plaat.

vergete is die lag in jou oë
of die tranespoor oor jou wang,
maar soms in die nanag onthou ek
hoe diep ek na jou kon verlang.

Want wat ek vir altyd wou vashou,
het die tyd uit my hande laat gly
en wat ek so graag wou vergeet het,
is vir ewig gebalsem in my.

(Uit: *Om jou verlaas te groet,* 1985)

1.1 Wie dink jy is die "jou" wie se "herinneringe" opgeroep word? (1)

1.2 Watter twee visuele herinneringe het die spreker van die "jou"? (2)

1.3 Watter progressie vind van strofes 1 tot 3 plaas t.o.v. sy herinnering aan die aangesprokene? (3)

1.4. Haar stem is " 'n ontwykende deuntjie gevange in 'n stukkende plaat". Verduidelik hoekom hierdie so 'n treffende vergelyking is. (2)

1.5 Hoekom was dit nie vir hom beskore om die lag in haar oë en die klank van haar stem te onthou nie? (1)

1.6 "en wat ek so graag wou vergeet het, / is vir ewig gebalsem in my." Waarna word hier verwys? (1)

**[10]**

## VRAAG 2 - KONTEKSTUELE VRAE

**"ONDERWYSER" - ANTJIE KROG**

Jy staan voor ons in die klas
By jou tafel, by jou moedertaal
By jou boeke, jou hoedjie en jou tas
Jy staan voor ons soos 'n klein Jericho
En al het jy mure om jou gebou
Dra jy tande van silwer en goud
En al het jy wagters in al jou torings
Bly daar 'n Ragab in jou

Tog bly jy sterk,
Al trek ons elke dag óm jou
Met die ark van die jeug op ons skouers,
Met trompette van ligsinnigheid voor ons monde

Tog bly jy werk,
Al krummel jou mure op die sewende dag
Al val jy vooroor op die aarde
Jy sal nie kla oor jou lot
Want Malherbe is jou here en
Totius jou god

Uit: *Dogter van Jefta,* 1970

2.1 Wat suggereer versreëls 5 en 7 omtrent die onderwyser se persoonlikheid? (2)

2.2 Waarom dink jy word die besitlike voornaamwoord "jou" vyf keer gebruik in reëls 5 en 7? (2)

2.3 Die plek waar die onderwyser staan word ook beklemtoon: "Jy staan voor ons". Wat kan daaruit afgelei word? (2)

2.4 Wat is (a) die denotatiewe en
(b) die konnotatiewe betekenis van die verklaring dat die onderwyser "tande van silwer en goud" het? (2)

2.5 Wat kan die metafoor dat hulle "die ark van die jeug" op hul skouers dra beteken? (1)

2.6 Die laaste twee reëls bevat die rede waarom die onderwyser nie sal kla oor dit wat met hom gebeur nie. Omskryf hierdie twee reëls in jou eie woorde. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3 - KONTEKSTUELE VRAE

**"BY DIE EEUWENDING" - LOUIS ESTERHUIZEN**

Hoe is dit moontlik
hierdie eeu met sy atoombom en rewolusie
met sy kolonies
en globale oorloë hoe is dit moontlik
hierdie eeu met sy maanlanding
en gestroopte kruis, met sy
hoogoonde en strafkampe met sy diktators
en martelare
Hoe is dit moontlik hierdie millenium
met sy kruisvaart sy seereise
en vreemde vastelande met sy ontploffing
van kennis
hoe is dit moontlik
hierdie millenium met sy gewelddadige soeke
na identiteit met sy lugvaart en ruimte
verkenning

Hoe is dit moontlik in die enkele klik
van 'n lewe ook nog die oerknal
van liefde

Uit: *Opslagsomer,* 2001

3.1 Hoe sal jy strofe 1 volgens die inhoud verdeel? (2)

3.2 Die gedig bestaan uit vyf vrae.

3.2.1 Waarom word hierdie vrae gevra? (1)

3.2.2 Wat is die effek van die gebrek aan vraagtekens by hierdie vrae? (2)

3.4 Wat dink jy word bedoel met die woorde "gestroopte kruis" in reël 6? (2)

3.5 Bespreek die kontras tussen die slotvraag en die vorige vrae kortliks. (2)

3.6 Skryf 'n voorbeeld van halfrym uit reëls 9 tot 12 neer en benoem die halfrym. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4 - OPSTELTIPE VRAAG

**MAN MET FLITS - D. J. OPPERMAN**

In die klein wit kol
van my wete stol

bruin en skerp 'n klip
soos 'n bok wat skrik,

staan, vinnig weghol
uit die klein wit kol.

Aan 'n takkie hang
twee ogies wat bang

uit die klein wit skyn
van my flits verdwyn.

Oor waters wat glip
soek ek klip na klip

maar 'n duister land
bedreig my alkant.

(Uit: *Negester oor Ninevé,* 1947)

**4.** Opperman het as Veertiger begin om die *laaggedig of stratagedig* te skryf. Bespreek "Man met flits" as 'n voorbeeld van 'n laaggedig in 'n opstel van ongeveer 200 woorde.

**(10)**

**EN**

## Ongesiene gedig is verpligtend (Vraag 5 óf 6)

## VRAAG 5 - KONTEKSTUELE VRAE

**"Gedagtes van die nie-arbeider" - Louis Esterhuizen**

Was ek maar eerder beseer, liefste vrou.
Dat ek opgetrek deur pyn kon lê, jou hande
teen my wang gesalf. As ek net beseer was.
Maar nou kyk ek soggens vanaf die stoep
na die string motors –
' n stoet waaraan ek geen deel kan hê.
En jy vroetel met stoffer en snyer, later
die skinkbord se verwyt
met bitter koffie-sonder-melk.
So skuif die dag onder ons uit, ook ek skuif
om na die agterplaas
waar jou pas geplante plantjies omhoog spalk;
ook ek herken tussen saamgeklemde hande weer
die beseerde stiltes van jou gebed,
my somber, gesloopte vrou.

(Uit: *Op die oog af* 1988)

5.1 Wie is (a) die spreker en (b) die aangesprokene in die gedig? Skryf jou antwoorde onder mekaar neer. (2)

5.2 Waarom wens die spreker dat hy liewer beseer was? Gee twee redes in twee volsinne. (2)

5.3 Reël 8: "die skinkbord se verwyt"

5.3.1 Benoem die vorm van beeldspraak. (1)

5.3.2 Wat word met hierdie beeld bedoel? (1)

5.4 Verduidelik hoe die beeld in reël 12 by die res van die gedig aansluit. (2)

5.5 Omskryf die skuinsgedrukte adjektiewe waarmee die vrou beskryf word, naamlik 'n "somber" en "gesloopte" vrou. (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 6 - OPSTELTIPE VRAAG

**"Met 'n bossie bergblomme" - Breyten Breytenbach**

nederige blomme van 'n vreemde berg
vir jou verjaarsdag
sodat jy berghelder kan lag
en jou hande kan klap by die venster
pers blomme – die angeliere van dwerge –
om ons huis se skaduwees te terg,
skurwe klein kelkies van kyk
wat die wind en die vog in hul dra
hulle brand net vir jou
want jy is mos jarig,
hulle geur net vir jou
hulle berge soet geur
*oeillets du poéte:* klein oë van die digter,
en as jy lang genoeg daarin kan kyk
sal hulle nog dieper en vuriger blom, verryk
na die vreemde berge deur die venster

Uit: *Die huis van die dowe* (Human en Rousseau)

Hier het ons met 'n tipiese liefdesgedig te doen.
Skryf 'n waarderende opstel van ongeveer 250 woorde oor genoemde stelling deur te verwys na die

* inhoud
* taalgebruik en
* beeldspraak soos dit in hierdie gedig voorkom. **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B - ROMAN

**"MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS" - Pieter Pieterse**

Doen Vraag 7 **OF** Vraag 8.

## VRAAG 7 - KONTEKSTUELE VRAE

'Dan klim hy teen die boot op die stuurkajuit se dak en stut sy pontboot se nuwe naam teen die bakboord maslig se paal om te kyk hoe dit lyk. Dit is die naam wat hy tydens sy omswerwinge tussen Livingstone en Mambova tydsaam in groot sierletters op die plank

geverf het. Maar hy skroef dit nie vas nie. Nog nie. Dit sal hy doen wanneer die finale laag verf aangebring is.

Zambezi Grace is die naam op die vergulde kiaathoutplank.

Ná twee en negentig jaar het Manaka weer 'n Chipman vir 'n baas.

* * *

<u>Vier</u>

Baas herwin sy bewussyn. "My boot!" kerm hy. "Die water kom !" Hy gloei van die koors. Buite die hut hoor hy die honde aan bene knaag. Iewers naby weerklink die duetroep van die moerasfiskale. Hy weet dat hy by Manaka in sy kamp aan die Zambezi is. Hy weet ook dat hy langs sy bed op 'n biesiemat lê en dat hy baie warm kry.

Sy ma kon net jou kop in haar hande vat, dan voel jy sommer beter, onthou hy.

Daar is iemand by hom. Hy draai sy oë stadig. Is dit die vrou vir wie hy die malariapille gegee het kort voordat hy siek geword het? wonder hy. Sy sit met haar bene onder haar ingevou op die kleivloer, 'n eenvoudige kolletjiesrok oor haar knieë getrek.

"Hoe lank lê ek al hier?"

"Kan ek help?" Sy stem klink vir hom soos die newels wat voor sy oë swem. Wat sóék sy in sy huis?

"Ek het gehoor dat jy malaria het, meneer Baas. Miskien kan jy my nog onthou. My naam is Grace", sê sy in foutlose Engels.

"Ek is nie goed met name nie", fluister hy. "Watter dag is dit vandag?" Die geroep van die moerasfiskale kom en gaan. Hy moet al sy wilskrag inspan om hulle nie te verloor nie. Hy kan nie goed sien nie. Is daar vliese voor sy oë?'

7.1.1 Verduidelik wat 'n <u>pontboot</u> (reel 11) is. (1)

7.1.2 Skryf een volsin om te verklaar waarom Baas juis só 'n tipe boot wou gebruik. (1)

7.2 Die naam *Zambezi Grace* is – in die konteks van die verhaal – dubbelsinnig. Verduidelik. (2)

7.3 Verklaar: *"Na twee en negentig jaar het Manaka weer 'n Chipman vir 'n baas"* (reël 7). (2)

7.4 Skryf slegs EEN SIN neer uit die aangehaalde gedeelte uit hoofstuk vier om as 'n voorbeeld van terugflitstegniek te dien. (1)

7.5 Baas se boot het betrekking.

7.5.1 Waarom is Baas bekommerd oor sy boot? (1)

7.5.2 Word hierdie vrees wel bewaarheid? Motiveer jou antwoord. (2)

7.6.1 Wie presies is hierdie Grace wat langs Baas op die kleivloer sit? (1)

7.6.2 Baas het uiteindelik sy lewe aan haar te danke. Verduidelik. (2)

**EN**

"My ouma Essie was nie bang nie. Sy het gesê sy sal meneer Baas gaan roep, want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Manaka te help."

"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."

"My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen."

"Wat de donder het haar dié idee gegee?" sê hy in Afrikaans.

"Ouma Essie was reg", sê sy. "Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring."

Sy verstaan Afrikaans.

7.8 *"Wat die donder het haar dié idee gegee?"* (reël 31)

7.8.1 Hoekom is Baas so ontsteld. (1)

7.8.2 Is daar 'n dieperliggende rede vir sy ontsteltenis? Verduidelik. (2)

7.9.1 Watter gesindheid van Baas kom na vore in die volgende woorde:
*"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie".* (2)

7.9.2 Bewys die teenoorgestelde van wat Baas wil voorgee deur na die verhaalgebeure te verwys. (2)

7.10 Verduidelik watter rol Ouma Essie later in Baas se lewe gespeel het. (2)

7.11 Ouma Essie word die Profeet van die Bybel genoem. 'n Profeet van die Bybel staan tog vas in sy / haar geloof. Was dit altyd waar van Ouma Essie? Motiveer jou antwoord. (3)

**[25]**

## VRAAG 8 - OPSTELTIPE VRAAG

**"Manaka – Plek van die Horings" - Pieter Pieterse**

Die aard van ware Christenskap is 'n belangrike vraagstuk in die boek. Bespreek hierdie stelling na aanleiding van die karaktertekening van Baas, Griesel en Grace.

- Verwys daarna dat die soeke na die aard van Christenskap 'n sentrale motief vorm wat regstreeks met die tema verband hou.
- Orden die karakters soos volg:
    - Baas, die soeker;
    - Griesel, die een wat dink hy het die antwoord;
    - Grace, die een wat die antwoord hét en dit verwoord.
- Sluit af met 'n gevolgtrekking oor die stelling wat onderstreep is.

Bied jou antwoord in 'n opstel van tussen 400 en 450 woorde aan. **[25]**

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAE

**"DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE" - ELEANOR BAKER**

"My pa het my somtyds gespot en gesê die Iris was van pas omdat ek perserig was by geboorte en my arms en bene oor die verpleegster se hande geflap het toe sy my vir hom kom wys. Toe ek klein was, het ek saamgelag, maar in my diepsinnige puberteit het ek geswyg en my gesit en verwonder oor hul domheid. Die iris was tog ook deel van die oog, en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie,

maar ook as besonder skerpsinnig. En die oog is die ding waarmee gesien word, is dit nie? Skerp gesien word.

In die klaskamer moes ek op ‘n dag naslaan wat ipso facto beteken en uit verveling het my oog laer af met die bladsy gedraal en daar leer ek toe iets nuuts. ‘n Iris was nie slegs ‘n bolplant nie, maar sy was ook ‘n Griekse mitologiese godin, in diens van meer belangrike gode. “Hoëre gode” het die woordeboek gesê. Net so, handomkeer het die dag verander. Waarom het niemand dit nog vir my vertel nie? Waarom het niemand verby die moeë ou grappe oor flappe en “iets knaag weer vandag aan Iris se bol” gekyk nie? Ek was vernoem na ‘n godin, en ‘n martelaar daarby. Iemand wat altyd moes regstaan vir ander, belangriker gode. Ouers, susters, onderwysers. Ek het nie een van hulle regtig as ‘n god beskou nie, maar dan, in my skooluniform en vlegsels was ek self kwalik ‘n godin. Alles is relatief, het ek myself getroos. Dis die skuld van die tyd waarin ons leef. ‘n Paar duisend jaar gelede sou ek maklik in ‘n wasige tuniek teen Olimpus uitgeklim het om nektar aan te dra na die belangriker gode wat lus was vir ‘n soetigheid. Die een god in die besonder het die gesig gehad van André Visser, die hoof van die debatspan, maar in plaas van sy maer wit lyf en knopperige knieë was hy effe meer gespierd en het ‘n beduidenis van donker borshare gehad.

“Ipso facto, Iris!” het die onderwyser gebulder.

“Uit die aard van die saak, meneer”.

“Dankie”, het hy sugtend gesê. “Warom moes ons tien minute daarop wag?”

“Ek het iets ander raakgesien, meneer”.

“Waar?” Hy het deur die venster na buite gekyk.

“In die woordeboek”.

“Ek is bly jy vind die woordeboek leesbaar, maar probeer konsentreer op die werk”.

Die seuns het met meer belangstelling na die woordeboek gekyk maar ek het hulle geken. Hulle het net die vloekwoorde nageslaan en snorkend en proestend vir meneer Schutte gevra waarom hulle hierdie woorde nie mag gebruik as dit wettiglik in die woordeboek staan nie? Die ou storie. Meneer Schutte het hulle nooit eens geantwoord nie.

Tuis daardie middag het ek my studie van die woordeboek voortgesit. My oudste suster Elsa se naam was glad nie daarin nie en my tweede oudste suster Kara (vernoem na Katarine) s'n ook nie. Ek het meerderwaardig gevoel en na my ma in die kombuis gaan soek."

Uit: *Die kwart-voor-sewe-lelie*, Eleanor Baker)

9. 1 Iris se naam is van besondere betekenis in hierdie roman. Beantwoord die volgende drie vrae in verband met haar naam:

9.1.1 Wat beteken dit dat sy "besonder skerpsinnig" is? (1)

9.1.2 Wat beteken dit dat sy "perserig" by geboorte was en dat die verpleegster haar hande "geflap het"? (2)

9.1.3 Waarvan was Iris die godin in die Griekse mitologie? (1)

9. 2 Hoekom spot die kinders haar dat iets aan "haar bol knaag"? (2)

9. 3 Wat sê die woorde "was ek self kwalik 'n godin" van Iris se siening van haarself op hierdie tydstip? (2)

9. 4 Het Iris later in die roman dieselfde siening van haarself? Verstrek een rede vir jou antwoord. (2)

9. 5 Noem twee tekens van Iris se gewoonte om dinge in fantasie in hierdie teksgedeelte te verander. (2)

9. 6 Om watter rede het Iris "meerderwaardig gevoel"? (1)

9. 7 Wat is haar ma se reaksie op die betekenis van haar naam? (1)

9. 8 Verduidelik watter uitwerking Iris se naam op die res van haar lewe gehad het. Noem twee belangrike gevolge wat dit vir haar gehad het. (4)

9. 9 Wat is Iris se gevoelens teenoor haar susters en hoe beïnvloed dit haar posisie in die gesin? (4)

9. 10 Noem drie karaktertrekke van Iris wat duidelik uit die teksgedeelte blyk. (3)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 10: OPSTELTIPE VRAAG**

**"DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE" - ELEANOR BAKER**

Bespreek die veranderinge wat in Iris se karakter deur die loop van die roman plaasvind. Jou antwoord moet tussen 400 en 450 woorde beslaan.

* Toon aan watter eienskappe sy aan die begin van die roman openbaar; verwys na haar andersheid.
* Dui aan hoe sy ten opsigte van hierdie eienskappe verander. Watter rol speel die Engel en haar fantasieë?
* Toon die veranderinge aan en verduidelik die groei ten opsigte van haar
    - aanvaarding van haar naam,
    - fantasiewêreld,
    - belewing van die werklikheid,
    - verantwoordelikheid en Engel;
    - verhouding met haar susters en
    - verhouding met Peter. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

**"TRITS; MIS" - REZA DE WET**

**VRAAG 11 - KONTEKSTUELE VRAE**

MIEM: Praat tog sagter. Netnou hoor hy jou. Wie weet, miskien is sy ore so goed soos sy neus. Gertie! Moet net nie daarin trap nie. *(Kyk uit. Dromerig)* As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.

GERTIE: *(skielik skel en hard)* Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!

MIEM: *(kwaad)* Gertie!

*GERTIE lyk verleë en gaan sit by die stoof. MEISIE lei die KONSTABEL binne. Haar wange gloei en haar oë blink. Sy maak die agterdeur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.*

GERTIE: *(half verleë)* Ek weet jou sirkulasie is nie goed nie, Meisie. Sy's baie koulik, Konstabel. Ek dink dis van al die sit.

MIEM: *(kyk op na die valdeur. Hard)* Laat sak!

GERTIE: Ek gee mos liggaamsopvoeding, Konstabel. En dis waarin ek glo. *(Spring op en doen 'n paar vinnige oefeninge)*
Diep asemhaal en oefening. Kyk maar vir my. My hande is nooit koud nie. Tot my tone is warm.

*Die valdeur klap oop en die tou sak vinnig ondertoe.*

MIEM: *(geïrriteerd)* Ag, toe nou, Gertie. *(Maak die tou aan die leë skopemmer vas)* Ek sê altyd te veel oefening maak 'n vrou taai en seningrig. *(Wys met haar kop)* Kyk daar, Meisie, jy het netnou gestort! Kry 'n lap en vee dit op. *(Hard na bo)* Trek maar op en moenie weer twee dae wag nie.

MEISIE: Ja, Ma. *(Gaan kry 'n lap en vee die spatsel op)*

*Die valdeur klap toe. Veraf geblaf van honde.*

GERTIE: Luister. Kan julle hoor? Ek dink dis die polisie met hulle honde. *(Trippel na die venster)* Ja. Kyk net. Baie van hulle. Met flitse.

MIEM *gaan staan.ook by die venster.* MEISIE *gooi die lap in die slopemmer onder die wastafel en gaan staan by* MIEM.

MIEM: Hulle loop langs die rivier af.

GERTIE: Hulle loop seker al om die dorp om te sien dat alles reg is.

MIEM: Ek weet nie ... ek is nog onrustig. As hy regtig wil ... sal niks hom keer nie.

GERTIE: Aag, nee.

MIEM: Sulke gedrogte is slinks.

GERTIE: Ek is bly ek is nie daar buite nie. Of alleen in my huis nie. *(Gril)*

MIEM: As ek dink aan die jong meisies wat ná die sirkus alleen huis toe loop ...

MEISIE EN GERTIE *maak angsgeluide.*

MIEM: Oor die skougronde, verby die begraafplaas en die verlate stasie.

MEISIE: Miskien vat hulle 'n ander pad.

MIEM: *(fluister onheilspellend)* Dit is seker moontlik. Al met die rivier langs. Tussen die riete en die lang gras ... Onder die wilgerbome deur.

MEISIE: Hou op, Ma. Asseblief. Ek word bang.

MIEM; Toe maar, my kind. Jy hoef nie bang te wees nie. Hier is jy mos veilig. *(Asof sy met 'n kind praat)* Soos 'n voëltjie in sy nessie.

MEISIE *gaan sit en werk verder.*

11.1 *"Wie weet, miskien is sy ore so goed soos sy neus."* (reël 1).

11.1.1 Verduidelik die spesifieke verwysing na die konstabel se neussintuig. (1)

11.1.2 Hoekom is die konstabel se sintuie so belangrik? (1)

11.2 Gloei Meisie se wange en blink haar oë gewoonlik? Motiveer jou antwoord. (2)

11.3 Miem wil om selfsugtige redes hê dat Meisie trou. Stem jy saam met dié stelling? Verduidelik. (2)

11.4 Waar bevind Meisie en die konstabel hulle aan die begin van hierdie uittreksel? (1)

11.5 Is Gertie regtig bekommerd daaroor dat die konstabel en Gertie buite sal verkoue opdoen? Verduidelik. (2)

11.6 Verduidelik wat die sirkus vir elkeen van die volgende karakters verteenwoordig:
- 11.6.1 Meisie
- 11.6.2 Miem
- 11.6.3 Gertie (3)

11.7 Die sirkus funksioneer as *leitmotiv* in "Mis". Verduidelik. (2)

11.8 Toon DRIE bewyse uit hierdie uittreksel aan dat Miem 'n tipiese matriarg is wat haar huishouding met 'n ysterhand regeer. (3)

11.9.1 Watter betekenis het Miem se verwysing na die riete langs die rivier? (2)

11.9.2 Watter verband is daar tussen die konstabel se naam en hierdie verwysing? (2)

11.9.3 Om watter rede voel Miem-hulle redelik veilig? (2)

11.10 Verduidelik die ironie in Miem se woorde in haar laaste spreekbeurt in die uittreksel. (2)

[25]

**OF**

## Vraag 12 - Opsteltipe vraag

## "Trits: Mis" - Reza de Wet

Ontleed en bepaal in watter mate die ruimte in *Mis* verband hou met die tema.

Gee aandag aan die volgende:

* Toon aan wat die ruimte en tema in die drama is.
* Noem en bespreek die binneruimte.
* Noem en bespreek die buiteruimtes.
* Watter bydrae lewer die ruimtes om die tema doeltreffend te vestig?

Bied jou antwoord in 'n opstel van 400 tot 450 woorde aan.

[25]

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**